**BOTHA GOOSEN**

Kerkstraat 98,
Potchefstroom.

Foon 430 Posbus 81

—vir—

**MANSKLERASIE**

**J. HEIDEMA**

RYWIELE
en
NAAIMASJIENE,

POTCHEFSTROOM
(teenoor Geref. Kerk).

VERKOOP OOK SKOENE

RUIME KEUSE VIR ALLE DOELEINDES.

Lae konkurerende Pryse.

ELKE DAG VARS.

**TURKSTRA'S BAKKERY**

BROOD
en alle
KOEKSOORTE

Raadpleeg ons vir

*BRUIDSKOEKE*

FOON 282. FOON 282

KERKSTRAAT 37,
POTCHEFSTROOM.

**MILLER EN KIE.,**
BEPERK.

VIR WAARDE.

BESOEK ONS

Verskillende Afdelings.

MATERIALE,
GORDYNSTOWWE,
KLERASIE EN
SKOENE

VIR VOLWASSENES EN KINDERS

*en Bespaar Geld*

Posbus 75. Foon 197.
KERKSTRAAT 119,
POTCHEFSTROOM.

Elders in die rede kom nog hierdie verheffing op louter gespierdheid) as die sportlewe vir die jongman die wêreld van sy oormoed en eersug word. 'n Ideaal hebt dit dan vir niks as vir sport sy beste ure oor te hê en vir sport al die inspanning van sy krag te gee. Ten slotte uit die velerlei nog hierdie woord wat op Kuyper self betrekking het: „Op weg na die 80 kan ek self nog meedoen, maar van ongsaf het ek die liggaam dan ook in spiere ontwikkel. Ontwikkel deur gimnastiek, deur sabelslaan en batonneer, deur skerm en deur swem. My hele lewe lank het ek die plig van flinke liggaamsbeweging verstaan. En in die beste jare van my manlike krag het ek elke jaar wekelank hoë bergtoppe beklim, soms met marse van oor die tien of twaalf uur per dag.”

Merkwaardige getuienis van 'n man wat gewerk het soos min mense dit kan. As professor het hy die geniale kolleges gegee waaruit wetenskaplike en praktiese boekwerke gebore is wat nog altyd 'n besieling in hulle dra vir die Calvinistiese volk oor die hele wêreld. Hy was redakteur van die dagblad „De Standaard” en weekblad „De Heraut.” Hy was leier van die anti-rewolusionêre staatsparty, wat in verkiesingstyd veral vir hom oorstelpende drukte meegebring het. Hy was . . . ek sal nie meer noem nie. In een woord: hy het die lewe van drie kragtige manne in sy lewe verenig. Daartoe was nodig 'n helder hoof maar ook (dit het hy geweet) 'n gesonde, werkkragtige liggaam. As dan ook die somer praal bo Europa, het hy weggetrek na die berge, sonder selfs 'n adres na te laat. Alles moes dan wyk vir die taak van die bergklimmer.

So het ek hom ook geken: die geniale geleerde, maar ook die man wat 'n forse gestalte met hom omgedra het. Mag sy „natuurwoord” ons besiel! (Tot sover Prof. du Toit).

Mag hierdie twee jeugdige-bejaardes ons ou-jongmense beskaam maar bowe-al . . . besiel!

## LAAT DIE DOOIES HULLE DOOIES BEGRAWE!

So het ek die vorige keer geskryf as antwoord op die strewe van sommige onder ons om nog steeds te dokter aan die verouderde lewensvorme van die verlede. En daareenoor het ek gestel as plig vir ons wat lewe en wil lewe, om ons hervormingstrewe te rig op die nuwe, pas opkomende lewensvorme van die toekoms.

Dit is egter duidelik dat in ons Westerse wêreld en ook by ons in Suid-Afrika die dood nog in die pot is, omdat daar nog geen sekerheid bestaan oor die aard en vorm van die toekomslewe nie.

Oor die algemeen is ons huding nog bloot negatief en daarom sonder lewenskrag en inspirasie. Daarom ontbreek daar ook groot leiersfigure in ons Westerse wêreld en op die oomblik ook in Suid-Afrika.

Daar was groot figure wat vir die wêreld die koers probeer wys het van die toekoms—Lenin en Stalin na die kommunisme, Mussolini en Hitler na die nasionaal-sosialisme. Maar beide is deur die Weste verwerp—altans vereers!

Iets eie wat positief en nuut is, kon die Weste egter tot nog toe nie in die plek daarvan stel nie. Daarom probeer hy tevergeefs hom vasklem aan die positiewe sekerhede van die verlede; daarom bly hy hom vereenselwig met wat reeds dood is, en verval so self tot doodsheid.

Die leuses bly maar dié van die 19e een wat niemand meer kan inspireer nie, omdat hulle tyd verby is : demokrasie, vryheid, republiek! Daarom is die huidige groot manne van die Westerse wêreld so doods en kleurloos, selfs die bestes van hulle: Attlee, Truman, Smuts—selfs de Valera en Malan!

Laat die dooies dan hulle dooies begrawe en laat ons wat lewe of altans wil lewe, vergeet wat agter is en ons strek na wat voor is. Dan is daar hoop dat ons die lewensvorm van die toekoms sal belewe en dus ook in woorde daaraan uitdrukking sal kan gee.

Maar dan moet ons end kry met die vrugtelose geredekawel oor die formules en stryddkwessies van die verlede en ons gesaamlik na die toekoms rig en die dade verrig wat die toekoms van ons eis en inderdaad aan ons oplê.

Dan sal die nuwe positiewe vanself vorm kry en in ons gestalte neem en dan kan dit weer nut hê om te begin redeneer oor hoe ons van ons bepaalde beginselstandpunt daarop hervormend kan begin inwerk. Dan kan dit moontlik ook weer nut hê om selfs onder mekaar hieroor te verskil en tot 'n mate oor die verskille in groepe te verdeel.

Maar om oor dinge van die verlede te redekawel en te verskil is nutteloos, meer as nutteloos, want dit kom neer op 'n poging om die dooie tot die lewe terug te roep en loop uit op verwaarlosing van die nuwe lewe wat opkom. Daardie nuwe lewe het reeds die lewenskrag van die ou dooie oorgeneem. Vir 'n lewende is dit onnodig en skadelik om nog verder terug te kyk: daarom, nogmaals, laat die dooies hulle dooies begrawe. Die lewe gaan intussen verder voort—al weet ons nog nie presies waarheen nie.

Wat myself betref, ek verkies om vir die toekoms die nuwe lewe self te probeer belewe eerder as om nog verder oor die oue te praat of selfs voorlopig in woorde afdoende uitdrukking aan die nuwe te probeer gee. Dit is nodig om eens meer daarvan te ervaar voordat met enige sekerheid daaroor verder gepraat kan word.

Ek het dus klaar gepraat—of, soos ons vroeër gesê het: „Ik heb gezegd!” En daarmee tot siens, êrens in die toekoms.

L. J. DU PLESSIS.

N.S.—Met dit alles wil ek nie sê dat ek self tot die lewendes behoort nie —maar ek probeer altans om in die lewe te bly en by die lewe by te hou, soos almal van ons seker graag wil doen.—L.J.du P.

(Vervolg van laaste kolom)

toegeroep, sterkte om voort te gaan op die ingeslane weg.

W. VENTER.

STUUR U DROOGSKOONMAAK
NA

**BERGERS BPK.**

*24 uur diens en die beste aandag.*

Foon **138**

ONS KOM HAAL EN LEWER AF.

**Pakke en Rokke vanaf 2/11.**
**Broeke vanaf 1/3**

**BERGERS BPK.**
King Edwardstraat 64, Potchefstroom.

## P.U.K.-A.N.S. VERTEENWOORDIG OP F.A.K.-KONGRES.

In die begin van Julie het die gewone tweejaarlikse kongres van die F.A.K., waarby die P.U.K.-A.N.S. geaffiliëer is, in Bloemfontein plaasgevind. Die A.N.S. tak van die P.U.K. is daar verteenwoordig deur ondergetekende.

Persverslae oor die verrigtinge het tydens die Kongres verskyn, en ook is verslae van die gelewerde referate te vinde in „Inspan” van Augustus 1946. Dog kortliks wil ons enkele sake effens beklemtoon.

Maandagaand, 1 Julie, by geleentheid van die openingsfunksie, het die voorsitter van die F.A.K., prof. J. C. van Rooy, sy openingsrede uitgespreek. Die Volkskongres, wat op Woensdag en Donderdaag sou volg, was oor Kultuuraangeleenthede. Prof. van Rooy het, met die oog daarop, gehandel oor „Die Verhouding van Godsdiens tot Kultuur.” Die belangrike vraag vir ons in Suid-Afrika is, het spreker gesê, of ons kultuur ons na God voer of dit ons wegvoer van God af. „Laat ons, die F.A.K., streef om ons Kultuur in te rig kragtens die beginsels van ons godsdiens, kragtens die normatiewe aard daarvan, dan sal dit wel met ons wees!” het prof. van Rooy besluit.

Dinsdag het die werkskongres plaasgevind. Toe is etlike verslae behandel. Uit die verslae het duidelik geblyk dat F.A.K. werk . . . doelbewus werk. Prof. J. C. van Rooy is weer eenparig herkies tot voorsitter. Ons, P.U.Kaners, voel trots op die feit dat die geëerde persoon, wat so 'n volksbelangrike taak moet doen, uit ons midde mag wees!

Die volgende twee dae het die volkskongres oor kultuuraangeleenthede plaasgevind. 'n Hele aantal deeglike referate is gelewer deur die volgende persone: Prof. Dr. T. J. Hugo, Prof. Dr. G. Cronje, Dr. P. J. Nienaber, Prof. Dr. G. Dekker, Prof. Dr. H. M. v.d. Westhuysen, Prof. Dr. G. G. Cillie (jnr.), Dr. S. Pauw, Dr. Hans Rompel en Adv. J. F. Marais. Al die referente het gehandel oor baie aktuele kultuuraangeleenthede. Plaasruimte laat nie toe om hier verslag te gee van al die referate nie. Daarom word verwys na die reeds gemelde nummer van „Inspan.”

Tog 'n enkele sakie:

In sy referaat oor „Die Bevordering van Afrikaanse Musiek en Sang” het dr. Cillie daarop gewys dat die Afrikaanse Psalms en Gesange 'n groot skat van volksmusiek is. „Wat die gewyde musiek in Psalms en Gesange betref, besit die Afrikaanse volk 'n ryke skat maar om verskeie redes word hierdie kosbare kultureel-godsdienstige erfenis bedreig en dit is die plig . . . . om hierdie bedreiging af te weer. Prof. Cillie het opgemerk dat die Hallelujalied van swak gehalte en van bedenklike herkoms is. En juis hierdie Hallelujaliedere is besig om ons Afrikaanse Psalms en Gesange te verdring in skole en verenigings. Die beroep op ons volksgenote word gedoen om dit uit te skakel en slegs die Psalms en Gesange te gebruik vir ons gewyde sang. En hieraan—die behouding van ons eie—gee die A.N.S. sy steun.

Dr. Hans Rompel het weereens melding gemaak van die gehalte en die verderflike invloed van die Hollywoodse rolprente. Tog, ten spyte daarvan, dat dit bekende feite is hoe 'n verkeerde invloed die films op ons volksgenote uitoefen, tog word die bioskope alte druk besoek deur Afrikaners: oud en jonk, ryk en arm! Dr. Rompel het gepleit vir drastiese uitbreiding van ons Afrikaanse rolprentdienste. Ons volk moet poog om self in sy behoeftes, ook in hierdie opsig, te voorsien. En al die Afrikaners moet meehelp. Ook hier kan die A.N.S. nie anders as die hoop uit te spreek dat sy lede hierdie saak ernstig sal bedink nie. A.N.S.-lede behoort die bioskoopbesoek, die jag na Amerikaanse films, geheel uit te skakel!

Die kongres was uiters leersaam. Groot werk is gedoen, dog nog groter werk wag. Die F.A.K. word dan ook deur die P.U.K.-A.N.S.-Tak sterkte

(Vervolg op vorige kolom).

## 'N BLIK IN DIE TOEKOMS.

Statig ry die Odendaalsrust-Cachet sneltrein die ruim stasiegebou van Cachet binne. Langs platform 12 kom dit tot stilstaid. Onder die groot aantal mense wat die trein verlaat, tref ons ook 'n persoon van middeljarige leeftyd aan, wat ons Niklaas Grové sal noem. Reeds 'n paar dae vantevore het hy die hoofkantoor van die P.U.K. laat weet dat hy graag 'n besoek aan die inrigting wil bring. Hy het al baie van dié Universiteit gehoor. As mynkaptein het hy 'n besige lewe op Odendaalesrust, maar hy hèt 'n dag vakansie geneem om hierdie wêreldbekende studie-sentrum met eie oë te sien.

'n Gids wat te ken is aan 'n armband aan die P.U.K.-wapen, verwelkom hom en help hom met sy bagasie. Met die roltrap gaan hulle af, deur die duikweg en weer met 'n ander roltrap boon-toe waarna hulle in die pragtige hoofgebou van Cachetstasie 'n koppie koffie gaan drink. Die spraaksame gids vertel sy besoeker intussen 'n paar besonderhede. „U weet meneer, die stad Cachet brei geweldig vinnig uit. Dit tel nou reeds 500,000 inwoners. In sekere van ons voorstede is die bou van wolkekrabbers deur die stadsraad belet. Die ou voorstad Potchefstroom word nou heeltemal modern herbou. Die enigste voorreg wat dit bo die ander voorstede het, is dat dit van 'n plaaslike trein gebruik kan maak. Reeds in die ou dae het die trein daardie roete gevolg. U het seker die haltetjie daar gesien. Baie mense hou egter daarvan om deur te ry na Cachetstasie omdat die verbinding van die hoofstasie na alle voorstede baie gerieflicker is as dié by Potchefstroomhalte."

Na 'n aangename rus verlaat hulle die stasie. Langs die sypaadjie staan 'n sestal P.U.K.-motors, weer van die P.U.K.-wapen voorsien, wat spesiaal vir besoekers gebruik word. Die gas verseker dat hy gereed is om dadelik met die toer oor die gronde te begin. Hulle ry deur 'n groot hek, wat aandui dat hulle hul nou op die Universiteitsterrein bevind. Skaduryke paaie lei na die sentrum van hierdie inrigting, die Mooirivierplein.

As die besoeker vra waar dan die rivier is waarna die naam van die plein verwys, antwoord sy gids laggend dat die water van Mooirivier reeds 15 jaar gelede gekanaliseer is en in onderaardse pype onder die stad deurgelei word.

Hulle hou stil voor die 10 verdieping hoë hoof-administrasiegebou. Dit is in 'n sierlike en smaakvol styl ontwerp. 'n Vinnige hysbak bring hulle gou op die daktuin, vanwaar hulle 'n pragtige uitsig oor die omgewing het. Orals is die mooi, moderne geboue tussen die groen bome sigbaar. Die gids wys sy besoeker 'n gebou met twee vleuels aan. „Dit was vroeër die sg. „Hoofgebou," meneer. Daar was nie net die hele administrasie gehuisves nie, daar was ook 'n aantal klaskamers en selfs die biblioteek. Vandag word dit as 'n museum gebruik om die gedagtenis aan die goeie ou tyd te bewaar. Daar word ook heelwat fotos bewaar. Op sommige van hulle is 'n paar ou sinkgeboue te sien. Meneer, dis werklik ongeloof lik, maar die ou mense vertel dat dit losieshuise vir studente was."

In die verte sien hulle 'n vliegtuig nader. Die gids verduidelik: „Dis een van die moderne Amerikaanse lugskepe wat omtrent 200 passasiers en baie nog vervoer. Netnou sal dit op Cachet-lughawe neerstryk. Ek het verneem dat daar 'n aantal Amerikaanse studente sal kom vir 'n besoek. Ek sal hulle seker môre moet rondneem. Die vliegtuig het New York gister verlaat."

Terwyl hulle die daktuin verlaat, verneem die besoeker dat elke fakulteit in die hoof-administrasiegebou sy eie verdieping besit. Regoor die hoofgebou staan die sog. „Stafgebou." Dit bevat nie net 'n gesellige vergadersaal vir die staf-klub nie, maar ook elke Professor en Lektor het daar sy eie kantoor wat telefonies met die hoofadministrasiegebou verbind is. Die doserende personeel vir die 8,000 studente is 425.

Op die ander hoek van die plein is 'n reuse saal te sien, wat plek bied aan 10,000 mense. Dit word sowel vir die Gradedag-plegtigheid as vir ander funksies gebruik. Regs staan die biblioteek wat met sy vier verdiepings in Kaaps-Hollandse styl 'n aangename indruk maak.

Ook die studente is nie vergeet nie. Ongeveer 5,000 van hulle vind plek in 5 moderne losieshuise. Behalwe 'n geteëlde swembad, uitgestrekte sportvelde en 'n groot gimnastiek-saal is daar ook twee groot studiesale, 'n moderne kafee en netjiese vergadersale.

En terwyl mynkaptein Grové die aand van dieselfde dag moeg in die sagte kussings van die sneltrein terugsak, dink hy onwillekeurig aan die groot geriewe wat die studente van sy tyd het in vergelyking met die van 'n halwe eeu gelede.

IDEALIS.

## DIT KOM.

"The scene was a class-room, the subject was stars....."

EERSTE BEDRYF:—Aan die noordekant van Thaba 'NKulu word die middernagtelike „crooners" begroet met leë vaseline-botteltjies en gholfballe. Enduit is die program volgehou en toe „the lady with the lamp" oftewel „torch" ophou om te lig het Bartjie besluit om te kom. Jâlla het ook gekom maar Dup was nie daar nie, hy kon nie meer kom nie.

TWEEDE BEDRYF: Nog geen teenreaksie nie. 'n Aanval word suk-


# POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEITSKOLLEGE VIR C.H.O.

P.U.K.
IN U LIG

OPLEIDING WORD VERSKAF VIR DIE VOLGENDE KURSUSSE:

**LETTERE:** B.A. (groot verskeidenheid kursusse), B.A.-Regswetenskap, B.A.-Sosiale Wetenskap, M.A., D.Litt. en D.Phil.

**NATUURWETENSKAP:** B.Sc., B.Sc.-Huishoudkunde en B.Sc.-Higiëne, M.Sc., Ph.D. en D.Sc.

**OPVOEDKUNDE:** U.O.D., M.Ed. en D.Phil.

**TEOLOGIE:** B.D., M.Div., en D.D.

**HANDEL:** B.Comm., B.Econ., M.Comm. en M.Econ.
Preliminêre en kwalifiserende Aptekerseksamen.

Eerstejaarskursusse vir grade in Landbou, Medisyne, Tandheelkunde, Ingenieurswese en Veeartsenykunde.

'n Kursus in Liggaamlike Opvoeding as hoofvak vir B.Sc. is ingestel.

Besonderhede i.v.m. Beurse, Gelde betaalbaar, Losies, Kursusse ens. sal op aanvraag verstrek word deur

**DIE REGISTRATEUR,**
**P.U.K VIR C.H.O.,**
POTCHEFSTROOM.

sesvol geloods en 'NKulu in 'n noutaaim in 'n penarie omskep. 'n Opvangtoestel van etergolwe word meegeneem as losprys totdat Vya haar lelike sê-goed teruggetrek het... ons het nie geweet dat sy taxi's besit nie.

DERDE BEDRYF:—Met vroue lis is Willie, Toetankamen en Krêlie gevang. Darem 'n teenprestasie. Gou was alle weerbare manne sewemaal om 'NKulu en hoewel sekere manne nat daar uitgekom het, het die vesting geval, deurdat hy van bo, vanuit 'n onbekende plek, binnegeval is.

Vrededag: Die gevange mans, of was hulle gevalle, is gelos; Jâlla het 'n bruikbare trofee, waarvan een oor af is, as buit geneem.

VIERDE BEDRYF:—Dames loods 'n aanval. Die mans is egter gewaarsku deur hulle vaderlike-instink. Twee is op heterdaad betrap terwyl hulle sand en water in die beddens indoen. Die ander is later gevang in 'n klein plekkie agter „Heimat." Die vyf is in „Ons Huis" 19 toegesluit maar dit het slegs etlike minute geduur of alles wat in die kamer was het een verdieping laer gedaal en buite op die grond beland. Selfs een arme ruit kon nie eens sy posisie waardig vul nie—Pollie het dit met 'n inkpot uitgedoen. 'n Vierkleur word nie ontsien nie, saam met prente word dit neergehaal — skande! Selfs al die twee U.O.D.'s se boeke is by die venster uitgewerp . . . tot groot genoeë van die betrokke studente.

TEN SLOTTE: Die waarskuwing van „Dit Kom" is nog nie volbring nie—die tweede ontgroening—dit kom! Vergun ons slegs een vergelyking en mag dit op die ore val van sekere manne: Die dames se tee smaak daarna en het darem melk en suiker in.

ANON.

Hou die kennisgewingbord dop vir die Sangoefeninge! Intervarsity kom!

ANON.


**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

(Eienares: Mev. C. M. INGRAM).

INGEVOERDE en KOLONIALE WYNSOORTE en SPIRITUALIEË



**O.K BAZAAR**

**(1929) BEPERK**

**60 Departemente onder een Dak.**

Kruideniersware en Voedselware, Mans- en Dames-klerasie, Toiletware en Medisyne, Koek en Lekkers, Meubels ——— ens.

**O.K. BAZAAR**

**POTCHEFSTROOM**

**Elke Dag 'n Uitverkopingsdag.**


**Gedruk deur die Westelike Stem, Potchefstroom vir die uitgewers, Studente Vert. Raad, P.U.K. vir C.H.O., Potchefstroom.**

## VOETBAL.

Voetbal op P.U.K. word in die jongste tyd met vaarte gespeel. Op 10 Augustus het die eerste span op Klerksdorp teen Spoorweg gespeel. Dit was 'n harde wedstryd teen 'n span wat te alle tye moeilik is om te wen, maar veral die voorspelers het kostelik vertoon. Simmy het amper met bo-menslike spronge die bal in die lynstaan bemeester en De Bruin was skoon laf soos hy elkers op die skakels afstorm, met of sonder die bal en as Basie sy lyf boog gegooi het was daar min keerkans aan hom, veral nadat hy ontslae geraak het van die lastige jersie. Jella het 'n paar gevaarlike afstamplope gemaak (sy dogter was op die verhoog). Maar ook in die agterlyn was daar meer gees as gewoonlik. Vermeulen het mooi gehak en Lieb het die bal elkers mooi weggekry—en soos lank gelede het die bal vleuel-toe gesweef. Trens met sy swart lyfie het afgestamp dat mens lekker kry en Henning het 'n mooi eerste vertoning op die senter-posisie gemaak. Die Pukke het toe ook gewen 11—10. Geluk.

Maar teen Dominion Rif het dit slegter gevaar. Min was op stryk. Die voorspelers het redelik goed gespeel, maar as die bal agterspelers-toe gaan, is die spil elkers met 10 treë teruggeskuiwe. Dis genoeg gesê. Miskien is dit „begeestering" en „malword" wat ontbreek.

Teen Dorp het ons Navy mooi gespeel en met 'n geweldig telling gewen. (300—0)? Die Navy is goed—hulle moet net oppas vir Proefplaas en Normaal.

Op die 10de het die O.19A teen 'n span van Springs gespeel. Met hulle prestasie van die dag, hoewel hulle verloor het, het die Dane gewys hulle kom nie verniet uit die Bosveld uit nie.

Die Tekkies het ook gewen. Geluk. Pukke maak klaar vir U.K.O.V.S.

## HOKKIE.

Die eerste wedstryd van die kwartaal is op 10 Augustus teen Monument gespeel en het heeltemal god van stapel geloop. Die P.U.K.-dames het baie mooi gespeel en die goeie spangees het dan ook veroorsaak dat die eindtelling op 3—0 te staan gekom het. Die dames handhaaf nog steeds van die begin af 'n goeie gees en sover het hulle slegs één wedstryd die onderspit moes delf—nl. teen Dorp. Die 24ste speel ons weer teen Volkskool. Natuurlik gaan ons ons prestige handhaaf soos altyd tevore! Veral ons mooi nuwe veld dra daartoe by om die entoesiasme en gees te verhoog. Dis waaarlik 'n veld om trots op te wees.

Die wedstryd teen Witrand, die 17de, het ook soos al die ander, meer in ons guns afgeloop. En met 'n telling van 4—0 het ons die Witranders met die kous oor die kop huis-toe gestuur, nieteenstaande ons maar as ons eie ondersteuners moes optree. Mooi so! Die vyf mans van die vyfhonderd wat vir ons kom ondersteun het.

Sy: „Jy is nie die soort man wat in my smaak val nie!"

Koos: „Ek val liewer in die modder as in jou smaak!"

## INTERVARSITY.

Saterdag, 31 Augustus 1946, die heel dag!! Dié dag van baie dae, dié dag waarna elke groot gees uitsien, die dag der dae.

Om teen U.K.O.V.S. kragte te meet is die voorreg van elke student van die P.U.K.

'n Korte week lê nog voor en dan gaan ons in groot getalle opruk om die Vrystaat te oorrompel. Laat staan dus dis vry-ure en woon die sang by—daar sal elke Maandag, Woensdag en Vrydag-aand sang om 6.45 nm. wees. Spyker minder, sing meer, sweep uself solank op vir die GROOT DAG van INTERVARSITY.

## BRIEWE.

In die briewe, vanuit die vesting Thaba 'NKulu, word skerp aanklagte teen die mans gemaak. Sal ons mans nie maar probeer om die sakies in orde te bring met die daad nie, d.w.s. sonder om gebruik te maak van die pen en die brief. Die „bed-parlement" is nog die beste om sulke sakies reg te ruk, maar ongelukkig nie noual nie. Here-studente laat die dames nie meer sulke bitter dinge skryf nie . . . U weet nou wat hulle wil . . . . Antwoord daarop, net nie deur middel van 'n brief in „Die Wapad" nie. (Red.)

Hartseer,
P.K. Verdrietvlei,
Oor Verlatenheid.

Geagte Oom Re-dak-teer,

Soos oom sal sien gaan nie net my ou possies oor verlatenheid nie, maar het ek ok geskrywe oorlat ek soos 'n meisie in haar liefde verlate is. Vanlat die Ogpoe weg is, saffer ek alweer opnuut. Ja oom, my hart eet sand en spoeg klippers.

Die ding is eintlik so: Hulle lol alewig lat ons moet sleep—sommer deursleep oom. Maar nou omlat ek lelik is kry ek swaar. Ek sit vir my 'n deit aan by 'n klein meisietjie en as ek op die juiste tyd daar kom, dan lat sy vir my weet sy is nie daar nie. Allie tyd kruip sy dan in die ou groot berg hier by die plek weg. Oorlat ek dan bang is ek sal beknoop raak daar binnekant moet ek maar weer loop.

Kan ek nou help lat ek lelik is oom? Oom moet tog 'n bietjie met hulle praat omlat oom weet hoeke liewe ouers ek het—

Dis maar al wat ek sal sê. Sê sommer groete vir die antie Re-dak-teer.

Oom se liefhebbende nefie,
SMART TRAANDAL.

## WAT NOG?

Huibie vra as 'n mens by die Ned. Geref. gemeente wil aansluit of jy ook eers jou aristokrate moet laat kom van die vorige gemeente, en of jy daar ook so baie traktate moet betaal?

* * *

Tenders word hiermee gevra vir 'n „Case". Doen aansoek om verdere besonderhede by Teddie-Beer kys-Thabajah.

* * *

Die wolke steek op en verraai die tweedejaars. Hulle probeer die natuur „bluff." Maar die lente kom!!

Geagte Redakteur,

Dit wil voorkom asof die verhouding wat daar bestaan tussen die mans en dames aan die P.U.K. heelwat bespreking uitlok, en ek wil net graag my beskeie mening oor die saak uitspreek.

In die eerste plek sal geen man 'n dame uitneem as hy nie vooraf in haar belang gestel het nie, want waarom sal hy dan net vir „haar" sleep, dit kan mos net so wel iemand anders wees. Dis al genoegsame bewys dat hy ernstige bedoelings met die saak voor oë het, want geen man sal 'n dame aanhoudend uitneem, in wie hy nie belangstel nie.

In die tweede instansie neem ons aan dat geen ordentlike meisie aan die P.U.K. aanhoudend sal wil uitgeneem word, sonder dat daar enige doel mee is nie. Die feit bly staan, dat aangesien die man altyd die bepaalde dametjie sleep, daar 'n nouer verstandhouding begin ontstaan. As dit nie die geval is nie sal 'n baie ongesonde verhouding tussen die twee ontwikkel, want een van die twee moet noodwendig op die ander een verlief raak. Sielkundig is dit onjuis dat twee persone van die teenoorgestelde geslag gedurig in noue kontak met mekaar sal staan, sonder dat daar 'n intieme gevoel ontstaan teenoor die ander, het sy by een of albei die partye.

Die belangrike aspek van die saak bly dit: dat die man die meisie uitneem, omdat hy definitief belangstel in daardie bepaalde dametjie, en as dit nie die geval is nie, moet die man maar elke aand sy opwagting by Thaba N'Kulu maak bloot terwille van die gesonde verhouding wat Bloutjie Bobaas wil bewerkstellig tussen die dames en here.

Dit sal onbillik wees om van 'n man te verwag, dat hy dames moet uitneem in wie hy nie belangstel nie, terwille van 'n goeie gees, en net so onbillik om van 'n dame te verwag om saam met jou uit te gaan, as sy geen aangetrokkenheid tot jou voel nie.

Groete en
Dankie,
MASSA LINCOLN.


KOM NA

**POTCHEFSTROOM HANDELAARS**

**(Eiendoms) Beperk**

**SIT DIE £ OM IN WAARDE**

Die mees Bekende Afrikaanse Handelaars, die Beste en Altyd die Goedkoopste.

**DIREKTE——INVOERDERS**

**Waarde van die Hoogste Gehalte teen die Laagste Pryse!**

FOON 259 en 250 — KERKSTRAAT



**Landbou-implemente Foon 626.**

**POTCHEFSTROOM MOTORHAWE**

**Foon 41. Laat ure. Foon 301.**



**BLACK EN KIE**

**BEPERK.**

KLERASIE VIR DIE HUISGESIN

**KLEURBAADJIES EN BROEKE, STEWELS EN SKOENE.**

**SPORT- EN DRAAGHEMDE VAN ALLE SOORTE.**

*Spesiale Benodighede vir Studente en Skoliere.*

Eersteklas Behandeling—Hoogste Waarde—Bring ons 'n Besoek!

**Posbus 197. Foon 179.**

**KERKSTRAAT 61, POTCHEFSTROOM.**



**W. J. GROBBELAAR**

DAMES EN HERE HAARKAPPER.

*MARCEL EN WATERGOLWING.*
*PERMANENTE HAARGOLWING.*

BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.

Mansafdeling:—Verminderde Tarief vir Studente Weeksdae.

Tel. 330. Kerkstraat 92.

Potchefstroom